higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

ARBEIDSVERHOUDINGE N6

(4110486)

31 Mei 2021 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

144Q1J2131

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
ARBEIDSVERHOUDINGE N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae in AFDELING A.
2. Beantwoord enige VIER vrae in AFDELING B.
3. Lees al die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
6. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

1.1.1 Uitsluiting word gedefinieer as 'n werkgewer wat werk tydelik van werkgewers weerhou.

1.1.2 Protesoptrede is 'n vreedsame metode om stakers se optrede bekend te maak en om ander aan te moedig om aan die staking deel te neem.

1.1.3 Die staat verteenwoordig die werknemer in die werksplek.

1.1.4 'n Sloerstaking is 'n manier om arbeid te weerhou. Dit beïnvloed produksie sonder om die werking van 'n maatskappy tot stilstand te bring, en het dieselfde uitwerking as 'n staking.

1.1.5 'n Dispuut is 'n aaneenlopende meningsverskil tussen 'n werkgewer, werknemers en hul vakbonde oor enige sake van algemene belang.

1.1.6 Distributiewe bedinging verwys na organisasies wat die onderhandelingsproses tussen werknemers wat aan vakbonde behoort en werkgewers fasiliteer oor sake soos werkstoestande en lone.

1.1.7 'n Produkboikot is aksie wat op verbruikers gerig is en dit behels dat verbruikers verhoed word om 'n produk te koop of om 'n diens te gebruik wat deur die werkgewer verskaf word.

1.1.8 'n Dispuut oor regte is 'n interaktiewe proses wat gemik is op billike, redelike en onderling aanvaarbare posisionering van een party in interaksie met 'n ander party.

1.1.9 Gesentraliseerde bedinging vind op gesentraliseerde vlak plaas.

1.1.10 KVBA staan vir die Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie.

(10 × 2) (20)

1.2 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae verskaf. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Kollektiewe nywerheidsoptrede staan as ... bekend.

A stakings
B lone
C tugoptrede
D kollektiewe optrede of individuele optrede

1.2.2 Watter EEN van die volgende is 'n gevolg van 'n onbeskermde staking?

A Kollektiewe ooreenkoms
B Werknemers word nie deur die wet beskerm nie
C Werknemers word deur die wet beskerm
D Beskermde

1.2.3 'n Doel van 'n grieweprosedure:

A Opwaartse kommunikasie
B Negatiewe kommunikasie
C Dispuut
D Afskaling

1.2.4 'n Voorbeeld van 'n dispuut oor regte:

A Arbiter
B Oortreding van die gemenereg
C Beskerming van openbare belang
D Dispuut oor regte

1.2.5 Eienskap van konflik:

A Vermyding
B Onopgelos
C Toestand van tweedrag
D Een party gebruik sy/haar invloed doelbewus in 'n poging om te elimineer, te oorwin en te neutraliseer.

1.2.6 Die element wat deel vorm van ekonomiese elemente:

A Regskader (‘Legal framework’)
B Arbeidsmark
C Groepe mense
D Proses

Kopiereg voorbehou

1.2.7 'n Uitkoms van kollektiewe bedinging:

A Grieweooreenkoms
B Bedingingsraad
C Voorkom die verkeerde vertolking van kwessies waaroor ooreengekom is
D Dieselfde handel

1.2.8 Die rede waarom kommunikasie in 'n organisasie belangrik is:

A Positiwiteit binne die organisasie
B Werknemers se menseverhouding
C Industriële demokrasie
D Werknemers neem deel en dra by

1.2.9 Doel van stakings:

A Nywerheidsoptrede
B Staking
C Onderhandeling
D Oorreding van die bestuur

1.2.10 Omstandighede wat tot uitdiensstelling lei:

A LIEU ('LIFO')
B Demokratiese beginsels
C Hervestiging van die organisasie
D Unielidmaatskap nie gestraf nie

(10 × 2) (20)
[40]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

Beantwoord VIER vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 2

2.1	Onderskei tussen *uitdiensstelling* en *aflegging*.	(2 + 2)	(4)
2.2	Noem VYF alternatiewe vir uitdiensstelling.	(5 × 2)	(10)
2.3	Gee VYF redes waarom 'n organisasie oor 'n dissiplinêre kode moet beskik.	(5 × 2)	(10)
2.4	Onderskei tussen *onderhandeling*, *bemiddeling* en *arbitrasie*.		(10)
2.5	Noem DRIE vereistes van 'n dissiplinêre proses.	(3 × 2)	(6)
			[40]

VRAAG 3

3.1 Definieer elk van die volgende tipes stakings:

3.1.1 Ekonomiese staking

3.1.2 Erkenningstaking

3.1.3 Sekondêre staking

3.1.4 Staking uit solidariteit

3.1.5 Strategiese staking

3.1.6 Besetting (6 × 2) (12)

3.2 Noem SES reëls in die werksplek waaroor daar deur kollektiewe bedinging ooreengekom kan word. (6 × 2) (12)

3.3 Gee SES doelstellings van geskilbeslegting. (6 × 2) (12)

3.4 Verduidelik die term *protesoptrede* ('picketing'). (4)

[40]

VRAAG 4

4.1	Gee VIER doelstellings van 'n tugprosedure.	(4 × 2)	(8)
4.2	Noem SES optredes wat tydens 'n tugondersoek uitgevoer word.	(6 × 2)	(12)
4.3	Noem TIEN stappe wat in 'n tugverhoor gevolg moet word.	(10 × 2)	(20)
			[40]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

5.1	Tabelleer die verskille tussen *gesentraliseerde bedinging* en *gedesentraliseerde bedinging*.	(5 + 5)	(10)
5.2	Noem VIER tipes bedinging.	(4 × 2)	(8)
5.3	Noem AGT hoofoorsake van konflik in Suid-Afrikaanse werksplekke.		(8)
5.4	Verduidelik SES gevolge van 'n beskermde staking.	(6 × 2)	(12)
5.5	Verduidelik die term *arbeidsappèlhof*.		(2)
			[40]

VRAAG 6

6.1	Tabelleer konflikaanduiders, definisies en simptome wat met die werksplek verband hou.		(18)
6.2	Definieer die term *erkenningsooreenkoms* kortliks.	(5 × 2)	(10)
6.3	Tabelleer VIER voorbeeld van *substantiewe ooreenkomste* en *prosedurele ooreenkomste*.	(4 + 4)	(8)
6.4	Verduidelik die term *dissipline*.		(4)
			[40]

TOTAAL AFDELING B: 160
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou